UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# Universiteit Stellenbosch Studentehof

## AANSTELLING VAN KANDIDATE AS SR-BESTUURDERS

**14 Februarie 2013**

[1] Mnr Shomane Mathiba, lid van die 2012/2013 Studenteraad en SR Beleidsamptenaar, se epos gedateer 7 Februarie 2013 verwys. Hierin verwys hy na die vakante Studenteraad bestuurder oftewel SR-bestuurder vir die Volhoubaarheidsportefeulje op die Studenteraad vir 2013. Spesifiek na die aansoek prosedure waarna 'n student aangestel moet word as 'n SR-bestuurder. Sy navraag is dan juis of huidige eerstejaar studente wel sulke bestuur posisies mag beklee.

[2] Artikel 30 van die Studente Unie Grondwet[1] magtig die Studenteraad om SR-bestuurders aan te stel. Verder sê die artikel nie uitdruklik of huidige ingeskrewe eerstejaar studente aan die universiteit ook as kandidate vir SR-bestuurder posisies mag aansoek doen nie.

[3] Hierdie hof is van mening dat Skedule 1 van die Studente Unie Grondwet wel van toepassing is in sulke gevalle. Artikel 13 van Skedule 1 van die Studente Unie Grondwet handel oor die akademiese vereistes vir kandidate in die Studenteraadsverkiesing. Artikel 13(2) lees as volg:

> 'Om op akademiese gronde te kwalifiseer moet 'n kandidaat voldoen aan die minimum koshuis HEMIS-vereistes gebaseer op sy of haar akademiese rekord van vorige jare en sy of haar uitslae in die halfjaareksamens van die betrokke jaar.'

---

1 Universiteit Stellenbosch Studente Grondwet, 2011 ( uitgawe 2.2).

[4] Volgens artikel 14(1) van Skedule 1 van die Studente Unie Grondwet sal:

> 'Kandidate wat nie aan die akademiese vereistes in item 13 voldoen nie, is nie tot die Studenteraad verkiesbaar nie.'

[5] Hierdie hof is van mening dat die vereistes wat tydens die nominasie tydperk van kandidate vir die Studenteraadsverkiesings van toepassing is ook van toepassing is tydens die aanstellings prosedure van SR-bestuurders. Dus moet 'n kandidaat vir 'n SR-bestuurder posisie voldoen aan die minimum koshuis HEMIS[2]-vereistes gebaseer op sy of haar akademiese rekord van vorige jare en sy of haar uitslae in die halfjaareksamens van die betrokke jaar. In kort, kom dit dus daarop neer dat 'n kandidaat vir minstens ses maande 'n ingeskrewe student aan die universiteit moet wees en voldoen aan die minimum koshuis HEMIS-vereistes gebaseer op sy of haar uitslae in die halfjaareksamens van die betrokke jaar.

[6] Verder bevind hierdie hof dat daar afgewyk word van die keuringskriteria soos neergelê in paragraaf vyf van hierdie uitspraak, Insover waar slegs eerstejaar studente wat minder as ses maande ingeskrewe studente aan die universiteit is, hulself verkiesbaar stel, dit moontlik moet wees dat hul onmiddellik verkiesbaar is in die belang van dienslewering;

[7] Verder moet die betrokke kandidaat onderwerp word aan die interne prosesse en prosedures van die Studenteraad om te verseker dat die betrokke kandidaat die nodige begrip en emosionele volwassenheid het om sy of haar pligte na wense uit te voer;

[8] Hierdie kandidaat sal aan 'n drie maande proeftydperk gebonde wees. Waarna die Studenteraad die reg voorbehou om die kandidaat se dienste te beëindig indien dit na oordeel van die Studenteraad blyk, die kandidaat nie na wense presteer nie.

Geteken op 14 Februarie 2013 te Stellenbosch.

---

[2] Higher Education Information Management System.

**Cerwyn Majiedt**
Voorsitter van Studentehof

**Pieter Moll**

**Louise Rive**

**Marc van Heerden**

**Elize van Zyl**